HOOFSTUK 11

# Addisionele leerhulpmiddels

EENHEID 1

## Voorbeelde van toetse en eksamens

### KONTROLETOETS 1

Punte: 100 Tyd: 60 minute

**Instruksies**

- Jy is voorsien met 'n vraestel en 'n antwoordboek.
- Beantwoord alle vrae.
- Gebruik die verskafte formate voorsien om jou antwoorde in te reflekteer.
- Bewerkings moet getoon word s om gedeeltelike punte te verdien.
- Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

| | |
|---|---|
| Vraag 1: Rekonsiliasie, interne beheer en etiek | (28) |
| Vraag 2: Vaste bates en etiek | (30) |
| Vraag 3: Vennootskappe, Grootboekrekeninge en interne beheer | (42) |

### Vraag 1: Bankrekonsiliasie

Die volgende inligting was verkry uit die rekeningkundige rekords van Letti Handelaars vir Maart 20.9.

**Uittreksel**

Een van Letti se klante, Ray Rite lig Letti in dat iets snaaks gebeur het toe hy sy rekening van R800 in kontant volledig vereffen het. E Nemm, die kassier, het aan hom 'n kwitansie uitgereik wat nie heeltemal dieselfde lyk as die wat Letti Handelaars gewoonlik uitreik nie. By nadere inspeksie van die Debiteurestaat, is daar gevind dat 'n algemene joernaalinskrywing gemaak is om die rekening te verminder. Letti het toe die ontvangstes gekontroleer en daar was geen bewys van die kwitansie wat vir die R800 deur die kassier uitgereik was.

## Inligting

1 Die volgende is die finale totale van die kontantjoernale op 31 Maart 20.9 nadat die nodige inskrywings vanaf die Bankstaat gemaak is:

| **Kontantontvangstejoernaal (KOJ8)** | | **Kontantbetalingsjoernaal (KBJ8)** | |
|---|---|---|---|
| Bank | R23 676 | Bank | R18 115 |

2 Die BANK rekening in die boeke van Letti Handelaars reflekteer 'n debietsaldo van R6 060 op 1 Maart 20.9.

3 Die volgende inligting het slegs op die die Bankrekonsiliasiestaat betrekking:

- Die Bankstaat ontvang vanaf Khaye Bank reflekteer 'n kredietsaldo van R12 053 op 31 Maart 20.9.
- Tjeknommer 267 vir R400 en tjeknommer 271 vir R1 632, albei deur Letti Handelaars getrek, was nog nie by die bank vir betaling aangebied nie.
- Tjeknommer 272 vir R1 540 verskyn in die KBJ, maar nog nie op die Bankstaat nie. Die tjek was vooruitgedateer vir 30 April 20.9.
- 'n Deposito van R3 140 wat op 31 Maart 20.9 gemaak was, verskyn nie op die Bankstaat nie.

4 'n Gedishonoreerde tjek van R960, ontvang vanaf L Barker, 'n debiteur, was ontvang op die Bankstaat. Die tjek was gedishonoreer en is gemerk "V/T – onvoldoende fondse".

## Gevra

Gebruik die nodige inligting aan stel die volgende op:

1.1 Die BANK rekening vir Maart 20.9, behoorlik afgesluit (7)

1.2 Die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Maart 20.9. (12)

1.2.1 Verduidelik kortliks die probleem, wat in hierdie onderneming bestaan. (3)

1.2.2 Voorsien TWEE stappe wat geneem kan word om die probleem op te los. (6)

[28]

## Vraag 2: Vaste bates

## Inligting

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN LA TRADERS**
**BALANSSTAATAFDELING**

Dt. VOERTUIE Kt.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 20.8 | | | | | 20.8 | | | | |
| Mrt. | 1 | Saldo | a/b | 81 000 | Aug | 31 | Bateverkope | | 27 000 |

OPGELOPE WAARDEVERMINDERING: VOERTUIE

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 20.8 | | | | | 20.8 | | | | |
| Aug | 31 | Bateverkope | | 22 950 | Mrt. | 1 | Saldo | a/b | 38 400 |
| | | | | | Aug | 31 | Waardevermindering | | 1 350 |

HOOFSTUK 11

**NOMINAL REKENINGE-AFDELING**

Dt. BATEVERKOPE Kt.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 20.8 Aug | 31 | Voertuie | | 27 000 | 20.8 Aug | 31 | Opgelope waardevermindering: Voertuie | | ? |
| | | | | | Aug | 31 | Krediteurekontrole | | 9 000 |

### Gevra

Bestudeer die gegewe Grootboekrekeninge hierbo en beantwoord die volgende vrae:

1 Bereken die koers van waardevermindering wat op voertuie toegepas word. (4)

2 Noem die waardeverminderingsmetode toegepas op voertuie. (2)

3 Bereken die drawaarde van voertuie op 28 Februarie 20.9. (8)

4 Bereken die drawaarde van voertuie op 31 Augustus 20.8. (3)

5 Bereken die Wins of Verlies met die verkoop van voertuie op 31 Augustus 20.8. (4)

6 Watter bedrag sal verskyn met betrekking tot waardevermindering in die WINS-EN-VERLIES rekening op 28 Februarie 20.9? (3)

7 Die eienaar wou graag hierdie voertuig inruil vir 'n nuwe voertuig vir sy seun. In jou opinie, is die inskrywing op die kredietkant van BATEVERKOPE rekening dan korrek? Motiveer. (6)

**[30]**

## Vraag 3: Vennootskappe

### Inligting

Die deurlopende voorraadstelsels is in gebruik. Waar nodig, raam alle berekeninge tot die naaste Rand.

| Saldo's op 1 Maart 20.8 | R |
|---|---|
| Kapitaal: C Chai | 100 000 |
| Kapitaal: L Latte | 70 000 |
| Privaatrekening: C Chai (Dt) | 1 800 |
| Privaatrekening: L Latte (Kt) | 2 500 |

- Die Inkomstestaat toon 'n netto wins van R680 000 op 28 Februarie 20.9.
- C Chai neem goedere van R800 per maand vir privaat gebruik vanaf 31 Maart 20.8 en daarna op die laaste dag van elke maand. Op dieselfde datums het L Latte goedere van R900 elke maand geneem. Geen inskrywings was gemaak in die boeke vir hierdie transaksies.
- Die privaat telefoonrekening van R3 600 was betaal met 'n ondernemingstjek ten gunste van L Latte op 31 Augustus 20.8. Hierdie tjek was oorgeboek na die TELEFOON rekening.

### Addisionele inligting en stipulasies in die vennootskapsooreenkoms

- Die vennote is geregtig aan ’n jaarlikse salaris van R144 000. Op 31 Januarie 20.9, ontvang elk R132 000. Dit was in die vennote se ONTTREKKINGS rekeninge teboekgestel.
- Beide vennote is geregtig op 15% rente per jaar op hulle kapitaalbydraes op die eerste dag van die finansiële jaar. Op 28 Februarie 20.9 het L Latte R30 000 in die vennootskap se BANK rekening gedeponeer om sy kapitaal te vermeerder. Die kapitaalrekening van C Chai het onveranderd gebly.
- Die oorblywende wins moet in die verhouding van die vennote se kapitaalrekeningsaldo's op die laaste dag van die finansiële jaar verdeel word.

### Gevra

1 Voltooi die volgende Grootboekrekeninge van ChaiLatte Handelaars

PRIVAATREKENING: C CHAI (14)

ONTTREKKINGS: L LATTE (8)

VERDELING (16)

2 Dink jy die onderneming het behoorlike interne beheerprosedures? Gee ’n rede vir jou antwoord. (4)

**[42]**

**TOTAL: 100**

---

## KONTROLETOETS 2

Punte: 100 Tyd: 60 minute

### Instruksies

- Jy is voorsien met ’n vraestel en ’n antwoordboek.
- Beantwoord alle vrae.
- Gebruik die verskafte formate voorsien om jou antwoorde in te reflekteer.
- Bewerkings moet getoon word om gedeeltelike punte te verdien.
- Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Vraag 1: Begroting en interne beheer (21)

Vraag 2: Periodieke voorraadstelsel, konsepte en interne beheer (42)

Vraag 3: Vervaardigingsgrootboekrekeninge (37)

### Vraag 1: Begrotings

Die eienaar, Luke Nguyen, van Nguyen Styles het probleme om sy kontantbegroting vir die periode 1 Januarie 20.9 tot 31 Maart 20.9 op te stel. Hy nader jou teen die einde van Desember 20.8 om hom onder andere te help met die berekening van spesifieke syfers.